



Knowledge grows

YaraBela™ KAN™

YaraBela™ KAN is 'n hoë-kwaliteit kalksteenammoniumnitraat-produk wat 28% stikstof bevat. Die gewaarborgde eenvormige korrelgrootte, digtheid en hoë drukweerstand van YaraBela™ verseker die akkurate en egalige toediening van hierdie enkelvoudige produk en die gerieflike gebruik daarvan in mengsels vir aanwending deur strooiers en planters.

Die belangrikheid van akkurate kunsmisstoediening

Die akkuraatheid waarmee kunsmis gestrooi of gebandplaas word is afhanklik van sekere fisiese eienskappe van die kunsmisproduk. YaraBela™ KAN (kalksteenammoniumnitraat) word ingevoer vanaf die Benelux-lande en voldoen aan die hoogste kwaliteitstandaarde wat bogenoemde fisiese eienskappe betref. Yara waarborg hierdie kwaliteitspesifikasies, soos uiteengesit in Tabel 1 hieronder.

Tabel 1

Eienskappe	YaraBela™ KAN	Ander plaaslike primêre N-bronne
Soortlike gewig (ton/kubieke meter)	1.02 - 1.05	0.73 - 1.05
Weerstand op impak (% gebreek)	0.05	0.3 - 23
Drukweerstand (Newton)	50 - 100	10 - 60
Stofinhoud (mg/kg)	50	60 - > 3000
Korrelgrootteverspreiding (mm)	2.8 – 4.3	Uitgesluit stof 1.2 – 3.1
Vloeitempo	Uitstekend	Wissel

Die verspreidingspatroon van YaraBela™ KAN en 'n ander bekende kunsmisproduk is getoets met behulp van 'n centrifugale strooier. Die koëfisiënt van variasie wat met YaraBela™ KAN behaal is, was ongeveer 6% terwyl die konvensionele kunsmis 'n variasie van 25% getoon het.

Yara het met 'n verskeidenheid van strooiers intensiewe toetse op gewasse soos koring en kanola uitgevoer om die impak van egalige verspreiding van stikstofdraende kunsmis te bepaal. Altesaam 28 proewe is oor 'n tydperk van 12 maande gedoen. Die data word in Tabel 2 uiteengesit.



Onegalige kunsmisverspreiding



Wetenskaplike verspreidingsstoetse

Dit is interessant dat verskille in groei van graangewasse eers met die blote oog waargeneem kan word indien die variasies van kunsmisverspeiding 25% of hoër is. So 'n variasie kan opbrengsverliese van >3% tot gevolg hê.

Tabel 2

Eienskappe	Gemiddelde waargenome opbrengsverliese
10%	0.5%
20%	2.0%
30%	4.5%
50%	12.5%

Met YaraBela™ KAN kan opbrengsverliese by koring en kanola tot 4.5% minder wees as met konvensionele stikstofprodukte. Bo en behalwe die risiko van 'n direkte opbrengsverlies indien kunsmis nie egalige versprei word nie, kan dit ook die gewaskwaliteit benadeel en die oesproses bemoeilik weens ongelyke rypwording.

YaraBela™ KAN is ook uitstekend vir gebruik in mengsels aangesien dit koekvorming en segregasie voorkom, wat te danke is aan hierdie stofvrye produk se eenvorming korrelgrootte. YaraBela™ KAN is dus 'n uitstekende bron van stikstof in mengsels.

Maak YaraBela™ KAN jou keuse om risiko's en inkomsteverliese te beperk.



Yara Africa Fertilizer (Pty) Ltd

Lambrechtstraat, Hugenoot Paarl, Suid Afrika

+27 21 877 5300

infosa@yara.com

www.yara.co.za